

BEREA –REEKS (Hand.17:11) #10

Wat het Johannes Calvyn¹ geleer oor hoe ons die HERE moet aanbid ?

Geliefde lidmaat, uit die Skrifte leer ons dat ons God moet aanbid alleen soos Hy beveel, en nie volgens eie goeddunke, begeertes, behoeftes of idees nie.

Dit bely ons in HK Sondag 35, *Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod? Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9).*

Daarom moet ons oral waar ons godsdiens beoefen, veral wat die erediens betref, noukeurig die Skrifte ondersoek, hoe dit God behaag ons Hom moet dien.

Ons belydenisskrifte volg ook die Skrifte in hierdie verband, soos 'n mens kan sien o.a. in die volgende uitsprake:

1. "Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - *ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel*, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is *om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan*

¹ "Calvinisme is 'n stroming in die protestantse Christendom wat gebaseer is op die teologiese leer van die hervormer Johannes Calvyn (1509-1564), asook die daaruit voortspruitende sosiale en politieke leer. ... Dit het duidelik geword dat die Gereformeerde kerke se dogma besig was om in 'n rigting te ontwikkel onafhanklik van Luther s'n, onder die invloed van vele skrywers en hervormers, waaronder Calvyn vooraanstaande was, en hierdie vorm van dogma het só bekend begin staan as *Calvinisme (Calvyn se bekendste werk is die 'Institusie van die Christelike Godsdiens', terwyl hy van omtrent al die boeke in die Bybel kommentare geskryf het – SLC).*" Ontsluit van "<http://af.wikipedia.org/wiki/Calvinisme>"

weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal **volmaak en in alle opsigte volkome is.**"

– NGB artikels 7

2. "Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, **tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.** En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God." – NGB artikel 32

Verder leer ons dit ook by Johannes Calvyn, in sy verskillende skrywes:

1) Johannes Calvyn skryf op 'n plek:

"As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die Christelike geloof onder ons vasstaan, en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee dele nie alleen die belangrikste plek beklee nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens is, naamlik, eerstens, 'n kennis van die manier waarop God reg *aanbid* moet word, en, tweedens, die bron waarvandaan *verlossing* verkry word. As ons hierdie **twee dinge** nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos."²

² *Tracts relating to the Reformation by John Calvin*, translated by Henry Beveridge, vol.I (Edinburgh: T&T Clark), p.116.

2) Calvyn skryf daarom aangaande die erediens:

“Ek weet hoe moeilik dit is om die wêreld te oortuig dat God alle maniere om Hom te vereer **wat nie uitdruklik in sy Woord goedgekeur word nie**, afkeur. Die teenoorgestelde oortuiging kleef hulle aan –asof dit in hulle murg en bene vassit – dat wat hulle ookal doen vanself aanvaarbaar is, solank dit maar ‘n soort ywer vir die eer van God vertoon. Maar aangesien God dit wat ons doen uit ywer om Hom te vereer, *maar wat verskil van sy bevel*, nie net as waardeloos beskou nie, maar dit eenvoudig verafsku ... waarom dit dan doen? Die woorde van God is *duidelik en seker*: ‘om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer’, en ‘tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat geboie van mense is (1 Sam.15:22; Matt.15:9). Elke byvoeging tot Sy Woord, is ‘n leuen. Blote ‘eiesinnige godsdienst’ (*ethelothreskeia*) is nietigheid.’³

3) Calvyn het in ‘n aanhangsel tot sy Formulier vir die bediening van die Doop vir gebruik in die kerk van Geneva, soos volg geskryf:

“Ons weet dat op ander plekke daar baie seremonies is wat baie oud is, maar omdat hul uit eie plesier uitgedink is ... is dit onbelangrik, omdat dit uitgedink is sonder die gesag van God se Woord; en omdat, aan die anderkant, soveel bygelowe daaruit ontstaan het, dat ons geensins daarin getwyfel het om dit af te skaf nie, sodat daar niks is wat die mense keer om direk na Christus te gaan nie. Eerstens, **wat nie beveel is nie is ons nie vry om te kies nie**. Tweedens, niks wat nie dien tot opbou nie moet in die Kerk ontvang word nie.”⁴

³ Beveridge, *ibid.*, p.118. Sien ook sy kommentaar op Lev.10:1; 22:32; Num.15:39; Deut.4:1; 12:32; 2 Sam.6:6-12; Is.29:14; Jer.7:21-24; 7:31; 19:4,5; 26:2; Matt.15:1,9; Kol.2:22,23. Sien sy *Institusies*: I.XII.I; I.XII.3; II.VII.5; II.VIII.17; IV.X.1,8-11,16-18,23,24,26.

⁴ “First, whatever is not commanded we are not free to choose. Secondly, nothing which does not tend to edification ought to be received into the Church,” *ibid.*, p.82. Beklemtoning bygevoeg.

4) Calvyn se kommentaar op Deut.12:32, is:

"*Alles wat Ek julle beveel.* Deur hierdie kort klousule leer Hy dat alles regmatig is in die erediens aan God, **wat Sy goedkeuring in Sy Woord wegdra** ... Deur die verbod op byvoegings en die nalaat van enigiets, veroordeel Hy eenvoudig as onwettig alles wat die mens deur sy verbeelding uitdink."⁵

5. In Calvyn se preek oor 2 Sam 6:6-12, merk hy op:

"Verder, moet ons daaruit verstaan dat geen van ons toewydings deur God goedgekeur sal word nie, **tensy dit konformeer tot Sy Wil.** Hierdie reël vernietig al die mensgemaakte versinsels in die pousdom se aanbidding van God, wat soveel praal en dwaasheid inhou. Alles daarvan is niks anders nie as loutere rommel voor God, en is inderwaarheid vir Hom, 'n gruwelikheid. Daarom, laat ons by hierdie onmisbare reël hou, dat as ons God volgens ons eie idees wil dien, dit eenvoudig misbruik en bedrog sal wees. En so, intendeel, moet ons die getuienis van Sy Wil hê, **om wat Hy ons beveel te volg**, en daaronder te buig. Nou dít is hoe die diens wat ons aan God skenk, goedgekeur sal word."⁶

6. Calvyn se kommentaar op Jer.7:31b,

"Laat ons daarom leer om wat God goedkeur, altyd hoog te ag; en laat dit die begin van ons ondersoek wees, wanneer ons enigiets aanpak, **naamlik of God dit beveel**; en hierdie weg behoort veral gevolg te word ten opsigte van Sy diens; want, soos alreeds genoem, godsdiens is veral gegrondves op geloof, en geloof is gebaseer op die Woord van God; en daarom is dit hier bygevoeg "iets wat Ek nie bevel het nie en in My Hart nie opgekom het nie". Hierdie rede behoort sorgvuldig opgelet te word, want God sny hier elke geleentheid om met ontduiking

⁵ Alle aanhalings vertaal uit Calvyn se kommentare, kom uit die Baker Books-uitgawe, herdruk van 2003 (Grand Rapids, MI), asook die Logos CD-uitgawe (Ages Software, 1998) van Calvyn se kommentare.

⁶ *Sermons on 2 Samuel*, translated by D. Kelly (Edinburgh; Banner of Truth, 1992), p.246.

vorendag te kom van mense af, omdat Hy deur hierdie een frase, "wat Ek nie beveel het nie", wat ookal die Jode mee opkom veroordeel.

Daar is dan geen ander argument nodig om bygelowe te verdoem nie, as dat dit nie deur God beveel word nie; want wanneer mense hulself toelaat om God te dien volgens hul eie verbeelding, **en nie op Sy bevel agslaan nie**, hulle ware godsdiensoes besoedel. En as hierdie beginsel deur die pousaanhangers aangeneem word, sal al daardie fiktiewe metodes van godsdiensoes, wat hulle in absurditeit beoefen, teen die grond val."

Dit is inderdaad 'n vreeslike ding vir die pousaanhangers om hulle verpligtinge teenoor God te probeer nakom, deur die uitvoering van hul eie bygelowe. Daar is 'n enorme aantal daarvan, soos welbekend is, en soos dit duidelik te sien is. Sou hulle hierdie beginsel toelaat, dat ons nie God reg kan dien behalwe deur Sy Woord gehoorsaam te wees nie, sou hulle gered word van hul diep afgrond van valsheid. Die profeet se woorde is dan baie belangrik, wanneer hy sê, dat God glad nie so iets beveel het nie, en dat dit nooit in Sy Hart opgekom het nie; asof hy sou gesê het, dat mense te veel wysheid veronderstel, wanneer hulle opkom met wat Hy nooit van hulle verwag het nie, nee, wat Hy nooit geweet het nie. Dit is inderdaad seker dat daar niks verberg is van God, selfs voor dit gedoen is nie; maar God neem hier die karakter van die mens aan, asof Hy sou sê, dat wat die Jode uitgedink het, onbekend is aan Hom, **omdat Sy eie wet voldoende was.**"

7) In Calvyn se kommentaar op Miga 1:5b-10 brei hy uit oor valse aanbidding:

"Wanneer ons daarop aandring om God te nader op 'n manier wat ons goeddunk, dan moet ons nie dink dat God dit moet aanvaar nie, want **enigiets wat God ons nie beveel het om**

te doen nie, of sy stempel van goedkeuring op geplaas het nie, eindig daarin dat ons die loon daarvan in die hel sal ontvang. ... Ons kan nie enige vorme van aanbidding invoer, gebaseer op ons eie fantasieë nie, sonder om daardeur op dieselfde oomblik 'n nuwe god te versin nie. En dit is die geval met die papiste. ... Hulle dink dat hul God waarlik behaag ... wanneer hul die mis hou tot eer van verskillende heiliges, as hul middagvoorstellings bywoon **en sekere feesdae hou**. Dit is die soort van aanbidding wat die papiste versin het ... Hoe vertrou mense vandag nie in hul eie uitvindings nie ! Hoe skep hul nie argumente in hul onkunde nie, en sê dan: 'Maar my bedoelinge was goed !' ... Dit wat hul aanbidding van God noem, kan nie deur een lettergreep van die Skrif ondersteun word nie."⁷

8) In Calvyn se preek op Miga 6:6-8 verkondig hy:

"Laat ons besef dat indien God alles verwerp wat Hyself onder die Wet beveel het, omdat die volk tevrede was om dit net in 'n uiterlike vorm te gehoorsaam; dan sal God **soveel te meer** regverdiglik alles veroordeel wat mense dwaaslik uitdink, wanneer Hy nie sy mond geopen het om 'n enkele woord oor 'n betrokke saak te sê nie."⁸

9) Calvyn se kommentaar op Matt.15:9,

"Maar Christus het die betekenis getrou en akkuraat gegee, dat God vergeefs gedien word, wanneer die menslike wil in die plek van die kamer van dogma geplaas word. Deur hierdie woorde, word alle tipe eiesinnige godsdiens (*ethelogescheia*), soos Paulus dit noem (Kol 2:23), duidelik verdoem.

Want, soos ons gesê het, omdat God verkies om **op geen ander wyse** gedien te word as volgens Sy eie afspraak nie, kan Hy nuwe metodes wat vir godsdiens uitgedink word, nie verdra nie.

⁷ J. Calvin, *Sermons on the Book of Micah*, translated and edited by B.W. Farley (Phillipsburg, NJ: P&R Publishing, 2003), p.332.

⁸ Ibid., p.32 ev.

Sodra mense hulself toelaat om verder as die grense van die Woord van God te dwaal, hoe meer arbeid en angs hulle ten toon stel in hul diens van Hom, hoe swaarder is die veroordeling wat hulle oor hulself bring; want deur sulke versinsels word godsdiens onteer.”

10) Calvyn se kommentaar op Matt.28:19,

*“Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. ... Want Jesus Christus stuur die apostels weg met hierdie kwalifikasie, dat hulle nie hul eie uitvindings na vore sal bring nie, maar suiwer en getrou sal oorlewer, so te sê van hand tot hand, wat Hy aan hulle toevertrou het ... Kortom: Laat ons deur hierdie woorde daarby bly dat die leermeesters wat oor die kerk aangestel word, **nie na vore sal bring wat hulle dink welvoeglik is nie,**⁹ maar dat hulle, sowel as andere, afhanklik sal wees van die mond van die Meester alleen, sodat dissipels vir Hom gewen kan word, en nie vir hulself nie.”*

11. Calvyn se kommentaar op Joh.4:22,

*“Hierdie is `n sin (*Julle aanbid wat julle nie weet nie* - SLC) wat waardig is om te onthou, en leer ons dat ons nie enigiets in die godsdiens oorhaastig of blindweg moet aanpak nie, want indien daar nie kennis is nie, dan is dit nie God wat ons aanbid nie, maar `n droombeeld of `n afgod. Alle goeie bedoelings (goeddunke), soos dit genoem word, word deur hierdie sin getref soos `n weerligstraal, want ons leer daardeur dat die mens niks anders kan doen as om te dwaal nie, wanneer hul gelei word deur hul eie opinies **sonder die woord of bevel van God.**”*

12. Calvyn se kommentaar op Joh.4:25,

“Ten slotte, druk sy haar geloof uit dat ons nie enigiets beter of meer volmaak as Sy lering, behoort te begeer nie, maar dat in

⁹ Sien NGB artikel 32.

teendeel, hírdie die vêrste mylpaal van wysheid is, waarby dit onwettig is om verder te gaan.

Ek wens dat diegene wat nou spog om die pilare van die Christelike Kerk te wees, ten minste hierdie arme vrou sal navolg, sodat hulle tevrede sal wees met die eenvoudige lering van Christus, eerder as om ek weet nie watter outoriteit te eis vir die voorhou van hul versinsels nie. Want vanwaar is die godsdiens van die Pous en Mohammed vergader, behalwe van **die bese toevoegings** waardeur hulle verbeel het dat hulle die lering van die Evangelie tot 'n toestand van volmaaktheid gebring het? Asof dit onvoltooid sou gewees het sonder hierdie dwaashede. Maar wie okal goed geleer sal word in die skool van Christus, sal geen ander onderwysers vra nie, en inderdaad hulle nie ontvang nie."

Konklusie

Volgens die Skrif soos bely in Sondag 35, NGB artikels 7,32 en soos verklaar deur Calvyn, moet ons God aanbid alleen *soos Hy beveel*, en nie volgens eie goeddunke, begeertes, behoeftes of idees nie (sien ook v/a 91 van die HK). Daarom moet ons oral waar ons godsdiens beoefen, veral wat die erediens betref, noukeurig die Skrifte ondersoek, hoe dit God behaag ons Hom moet dien.

Vir verdere inligting: Slabbert Le Cornu, VDM (GK Carletonville).

Tel & faks: 018 787 5444 Sel: 082 770 2669 E-pos: gkcarletonville@gmail.com

Sien ook artikels by: <http://proregno.com/>